21 Augustus 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 24

e Hervormer

www.hervormer.co.za

In hierdie uitgawe…

Voorblad
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus oor predikante
Bedieningsnuus
Advertensies en kennisgewings
Sinodaal

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e*-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Die *Kerknuus* word saamgestel deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die AKV.

Teken in op *e*-Hervormer...

Teken in op *e*-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

Voorblad

Satanisme

Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van duiwels nie. (1 Kor 10: 21)

Enige ouer wie se kind se lewe deur Satanisme verwoes is, sal sê dat daar geen verdraagsaamheid teenoor Satanisme moet wees nie. Enigiemand wat al die hel ervaar het van dwelmverslawing wat dikwels met Satanisme gepaardgaan, sal geen simpatie hê met iemand wat Satanisme probeer verdedig nie. Hulle sal sê dit moet beveg word, dit moet uitgeroei en teengestaan word. Die duiwel het vandag nog die vermoë, net soos in die tuin van Eden, om 'n mens te laat twyfel oor wat reg en verkeerd is. En mooiklinkende argumente soos persvryheid en die mens se grondwetlike reg om te glo wat hy wil, word vandag nog gebruik. Onlangs was daar juis 'n debat daaroor in die media.

Die skokkende gebeure die afgelope week by 'n hoërskool was weer eens 'n bewys dat Satanisme nie sommer maar net afgemaak kan word as 'n gier of kinderspeletjies nie. Die kerk se waarskuwings teen Satanisme en die invloed wat sekere musiek op 'n mens het, is nie maar sommer ouvroustories nie. Dit het dikwels tragiese gevolge vir jongmense wat daarmee eksperimenteer. Die Bybel is hieroor baie duidelik: Ons moet daar niks mee te doen hê nie. Dit is die kerk se verantwoordelikheid om te waarsku teen Satanisme en om die slagoffers daarvan by te staan om daarvan bevry te word. Dit gaan nie oor die debat of die duiwel bestaan of nie. Vir die kerk gaan dit oor hoe om mense wat by Satanisme en die okkulte betrokke is of was, te help.

Natuurlik kan alle vorme van geweld en misdaad nie aan Satanisme toegeskryf word nie. Die mens is nou maar eenmaal in sy wese 'n sondaar en geneig tot die kwaad. Daarvan is die talle ander voorbeelde van geweld wat in ons samelewing voorkom, 'n duidelike bewys. Die voorkoms van geweld onder ons jongmense is kommerwekkend. Die televisie en rekenaarspeletjies speel beslis 'n rol.

Die skuld kan nie voor die deur van die skole gelê word nie, aangesien die magte van die skool om dissipline toe te pas, deur die owerheid beperk word. Die kerk is medeverantwoordelik om die bevrydende evangelie van Jesus Christus aan mense te verkondig en uit te leef. Dit bly egter ouers se verantwoordelikheid om betrokke te wees by hulle kinders en vir hulle die ruimte te skep van 'n gelukkige en geborge ouerhuis.

Laat ons dus almal, maar veral ons jongmense, in gebed aan die Here opdra soos Jesus ons geleer het: *Verlos ons van die bose*. Dit is alleen moontlik deur die werking van God se Gees.

— **Dr Gerhard Lindeque**

Kerknuus

BEROEPENUUS

►**Beroepe ontvang**

Dr Johan (J) Otto van Newlands na Premiermyn

Ds Innes (IL) Benadé, beroepafwagtend, na Outeniqua (deeltyds)

Ds Willie (WA) Strydom van Eikenhof na die kombinasie Eikenhof/Johannesburg-Suid

NUUS OOR PREDIKANTE

► Dit gaan onder omstandighede beter met **mev Grobbie van Aarde**, eggenote van prof Andries van Aarde. Sy moet egter steeds behandeling ontvang en sal waarskynlik in die nabye toekoms 'n hartoperasie ondergaan. Die Kerk se voorbidding word vir haar gevra.

► Predikante wat nog aansoek wil doen vir die **vakante pos van Sekretaris in Kerkverband** by die Bybelgenootskap, word versoek om hulle aansoeke nou in te dien. Die sluitingsdatum is bepaal vir 31 Augustus, maar dit sal waardeer word as aansoeke teen 22 Augustus ingedien is. Die onderhoude met kandidate word vroeg in September gevoer.

Terug na Voorblad

►Predikantevergadering 2008

Alle predikante, emeriti en professore word uitgenooi na die jaarlikse Predikantevergadering:

Datum: 17 September 2008 vanaf 08:00
Plek: Kerkgebou van Gemeente Swartkop, Irelandlaanverlenging, Eldoraigne
Tema: Span jou seile en pak die storm
Koste: R70 per persoon (ete ingesluit)

Gemeenteleiers mag die vergadering ook bywoon. Verskonings moet skriftelik aan die sekretaris van die Predikantevergadering, ds Johan Bester, gestuur word.

BEDIENINGSNUUS

■ **Ds Peet Swanepoel** vertrek op Donderdag 21 Augustus na Harare saam met twee lidmate om die lidmate daar te besoek. Hy hou Sondag 24 Augustus Nagmaal en doop ook ’n baba. Sondagaand hou hy ’n huiserediens in die Laeveld aan huis van Hannes Kotze. Hulle keer weer Maandag terug. Met die hulp van baie gemeentes van die Kerk kan kosvoorrade en medikasie vir ons lidmate saamgeneem word.

■ **Ds Deon du Toit** besoek oor die naweek van 23 en 24 Augustus die lidmate in die Bulawayo-omgewing. Daar word ook Nagmaal gevier. Ds Du Toit neem ook kosvoorrade en medisyne saam.

■ Die gemeentes **Eikenhof en Johannesburg-Suid** het besluit om te kombineer. Ds Willie Strydom, predikant van Eikenhof, is na die kombinasiestandplaas beroep. Hy sal binnekort deur Gemeente Johannesburg-Suid, waar hy reeds werk, ontvang word. Die kombinering van kleinere gemeentes wat nie meer ’n standplaas alleen kan onderhou nie, word deur die Kommissie van die AKV gesien as die beste werkbare oplossing vir die voortbestaan van gemeentes en daarby ook nog die behoud van ’n eie identiteit.

■ Die ringskommissie van Noordelike Pretoria voer tans samesprekings met die gemeentes **Wonderboompoort en Noordelike Pretoria** oor ’n moontlike kombinasie of net nouer samewerking. Wonderboompoort is vakant sedert ds Willem Sauer die beroep na Groot Marico aanvaar het. Die vakante standplaas bied uitmuntende geleentheid om samesprekings te voer.

■ **Gemeente Witpoortjie is op 7 September vanjaar 50 jaar oud.** Die program vir die naweek van 5 tot 7 September sien soos volg daaruit:

5 September vanaf 18:00

- Kampvuurgeselligheid met kunstenaars
- Verversings te koop (pannekoek, poedings, koeldranke, braaipakkies)
- Pap en sous gratis

6 September vanaf 08:30 tot láát

- Karnaval, stalletjies, kunstenaars en musiek
- Skyf- & kettieskiet
- Spek-en-eierbroodjies
- Boereworsrolle, rooiworsierolle, ribburgers
- Jaffels
- Pap en kaiings
- Pannekoek
- Koektafel
- Teetuin
- Lekkergoed- en poedingtafel
- Speletjies, springkasteel en tombola
- Witolifanttafel
- Osbraai vanaf 14:00

Terug na Voorblad

7 September van 11:00 tot 13:00

- Erediens: Ds Martyn Redelinghuys
- Nagmaalbediening: Vorige leraars en ds Andries Nel
- Vingerete om 13:00

Skakel met ds Andries Nel by 011 762 1633 of 083 228 2338 vir meer inligting. Die kerkraad is op soek na inligting oor die eggenote van wyle ds Harm Bolsenbroek, en eggenote of familie van ds Johan Swanepoel. Is daar iemand wat ds Andries Nel in dié verband kan help?

Kerkgebou: Gemeente Witpoortjie

■ Gemeente Rooihuiskraal 20-jaar feesvieringe

Hiermee nooi die predikante, kerkraad en lidmate van Gemeente Rooihuiskraal u hartlik uit om te kom deel in ons feesvieringe ter herdenking van die gemeente se 20-jarige bestaan.

PROGRAM

Vrydag 22 Augustus (Laerskool Uitsig)

- 17:00 Kosverkope
- 19:00 Musiekkonsert deur Danie Botha – gratis toegang
- 21:00 Deurnag vlotbou en kamp op rugbyvelde

(Karavane en tente gratis, koshuiskamers op terrein met 2/3/4 beddens beskikbaar teen R50 pppn – bespreek by Koos Myburg by 082 901 0892)

Saterdag 23 Augustus (Laerskool Uitsig)

- 09:00 Vlotbou, mini-basaar, boeresport, vlieërkompetisie, kosverkope
- 12:00 Optog met vlotte deur woongebied tot by kerk
- 13:00 Voorbereidingsdiens by kerk
- 15:00 Skaapbraai by Laerskool Uitsig
- 18:00 Gemeentekonsert in skoolsaal – toegang gratis

(Koop asb vooraf kaartjies vir die skaapbraai by Tonie Naude by 082 653 2319 – R80 pp, kind o/12 en pensioenaris R40 pp)

Sondag 24 Augustus (Kerkgebou)

- 10:00 Nagmaal
- 11:00 Groeteboodskappe, gedenkmuur onthul, tee en verversings
- 12:00 Danksegging

Navrae: Dr Gerhard Lindeque: 082 374 8703
SMS asb besonderhede van oudlidmate met wie u kontak het.

Advertensies en kennisgewings

● Die **NHSV van Wonderboompoort** bied ’n musiekkonsert met die Oorwinningskinders aan op 29 Augustus om 19:00 in die NG Kerksaal Magaliesfort, Killicklaan, Mayville, Pretoria. Kaartjies kos R60, wat ’n ete insluit. Fondse word aangewend vir jaarlikse barmhartigheidsuitbetalings. Kontak Giesela Schwarzer by 083 709 9808 of 012 335 4181.

Terug na Voorblad

- Gemeente Randburg, in samewerking met BARNYARD **Theatre Cresta**, bied op 24 September 2008 aan: **The Boys are Back in Town**.

Alle fondse is ten bate van CHOC Childhood Cancer Foundation Johannesburg.
Pryse: R150 per persoon
(eetgoed word voorsien) of R125
per persoon (bring eie eetgoed)

Kaartjies is slegs by die gemeentelike kerkkantoor beskikbaar.
Kontak Elna by 011 787 4893 ElnaV@nhk-randburg.org.za
of ds CJ van Wyk by 011 787 3020 / 082 898 2345 cjvwyk@nhk-randburg.org.za

- **Aansoeke word ingewag vir die pos: SEKRETARIS IN KERKVERBAND – BYBELGENOOTSKAP**
Die Bybelgenootskap wil graag in samewerking met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n opvolger vir ds WH Steyn aanwys wat op 1 November 2008 diens kan aanvaar.

NAVRAE
Die Administrateur, mnr JF Viljoen, by telnr 012 322 8885

AANSOEKE MET CV VOOR 31 AUGUSTUS EN VERKIESLIK VOOR OF OP 22 AUGUSTUS 2008 AAN
Die Mannekragbestuurder
Mnr P Beukes
Posbus 2368
PRETORIA
0001

- **DIEPSEE HENGELVAKANSIE IN 'TOFO' MOSAMBIEK**
4 PERSONE 7 DAE, DIE VOLGENDE INGESLUIT:
VERVOER VANAF KOSTER/PRETORIA NA TOFO EN WEER TERUG, ETES, VERBLYF, BOOT EN STOKKE VIR HENGEL.
DATUM AANPASBAAR BY WENNER. BRING SAKGELD EN PASPOORT. KAARTJIES SLEGS R50.
TREKKING 6 SEPTEMBER 2008.

AANGEBIED DEUR GEMEENTE KOSTER
KONTAK: KOOS VORSTER 072 403 2518
MARTIN VORSTER 082 874 7642
Prys ter waarde van ongeveer R30 000!!!!

- **SENIORDAL AFTREE-OORD**, KIESERSTRAAT 126, RIETONDALE, PRETORIA

'N TUISTE VIR SELFVERSORGENDE BEJAARDES, GEMEENSKAPSPROJEK van GEMEENTE PRETORIA
- 58 EENHEDE (1-SLAAPKAMER-, 1½-SLAAPKAMER- EN 2-SLAAPKAMEREENHEDE)
- GOEIE LIGGING IN DEERNIS/RIETONDALE
- DIGBY ONS TUIS, HOSPITALE, MIDDESTAD

SKAKEL 012 329 4318 (Voormiddae)

Terug na Voorblad

■ **Gemeente Primrose** se jaarlikse Lentemark vind plaas op Saterdag 30 Augustus op die kerkterrein (hv Castor- & Plutostraat, Fishershill). Daar is kosstalletjies met vetkoek, pannekoek, jaffels, nagereg, koek en nog vele meer. Vir die kinders is hope pret beplan met inkleurkompetisies, gesigverf, teikenskiet, ensovoorts. Buite-uitstallers is ook welkom.

Indien ons die teikenbedrag bereik, sal ds Paul J van Rensburg vir twee Sondae met sy kortbroek en tekkies moet preek.

Navrae Chris 011 828 1525 en Annatjie 083 360 2692.

● 'n Dagseminaar oor **bipolêre depressie** word aangebied op 6 September by Shelanti Konferensiesentrum in Jeanlaan, Centurion. Gaan na www.drhansdreyer.com om vir die seminaar te registreer.

Sprekers en temas:

- Dr Franco Collin, 'n psigiater wat spesialiseer in bipolêre depressie
- Diagnose en die rol van medikasie
- Dr Hans Dreyer, pastorale berader wat bipolêre depressie en die l**angtermyn instandhouding daarvan** as sy spesifieke veld van belangstelling het

Die rol van ondersteuningstelsels teenoor 'n persoon met bipolêre depressie word ook hanteer.

■ **JAARLIKSE MUSIEKFEES – Krugersdorp-Noord**

Gemeente Krugersdorp-Noord bied weer hul jaarlikse Musiekfees aan op Vrydagaand 22 Augustus 2008 om 19:00 in die Klipkerk, hv Kruger- en Presidentstraat, Krugersdorp.
Die F # koor onder leiding van Attie Rossouw tree op. Attie rig verskeie kore af. Die orreluitvoering word gedoen deur Janandi van Schoor, wat so pas 'n CD uitgereik het saam met Wim Viljoen en ander kunstenaars.
Saam met haar tree ook die violis Günther Höne en die hobospeler Cameran Harris op.

Plaaslike kunstenaars tree ook op: Hoërskool Noordheuwel se koor, Paul Obermeyr, Marius Mynhardt, Rianda Fourie. Samesang sal ook plaasvind. Moenie hierdie uitmuntende geleentheid misloop nie.

Navrae: Ds Johan en Marita Fourie 011 953 1402 / 072 278 1456.
Koste is R50.

● Gemeente **Springs-Oos** hou basaar op Vrydag 29 Augustus vanaf 15:00 en Saterdag 30 Augustus vanaf 08:30.

Tema: Elkeen se talent
Plek: Driehoek – Lodeyko

Hierdie basaar bied:

- Kos om van te kies en te keur
- Kleuterkompetisie
- Sterkmanne
- Verfbal
- Mej en Mnr Lente
- Kampvuurfees
- Kinder speelpark
- Teetuin
- Speletjies
- Babakompetisie
- 'Bog screen WII'

Ons sien julle daar!

Terug na Voorblad

● **Gemeente Witfontein (Pretoria-Noord) bied op 6 September 2008 Delwersfees 2008 aan** op die kerkterrein (hv Stasie- en Deetlefsstraat in Pretoria-Noord).

Hierdie jaarlikse fees fokus op die gedelf na kontantskatte van R10 000, R5 000, R2 500 en ’n hele klompie troospryse van R500. Delwersertifikate is vooraf beskikbaar teen R20 stuk by Jimmy Manders (083 254 4771) of kan op die dag van die basaar aangeskaf word voor 13:00, wanneer die delwerye sal sluit.

Terwyl gedelf word, is daar baie vermaak vir oud en jonk. Leon Ferreira, bekende gospelsanger, tree op om 10:00. Vir dié wat baie honger is, is daar ’n knewel van ’n Delwersontbyt, met die tradisionele kaiings en pap gekombineer met baie ander ontbythappies. Alles wat op ’n basaar te vinde is: vleiswinskope, witolifantverkoping, speelgoedtafel, koeke en terte, poeding, groente, skyfskiet, blaaspyp en nog baie meer.

Daar vind ’n toutrekkompetisie plaas om 09:00. Reëls vir spanne van 8 wat wil inskryf, is ook verkrygbaar by Jimmy Manders. Daar is 8 verskillende kategorieë en spanne moet bestaan uit 8 lede. Wenners in elke kategorie kan vir hulleself delwersertifikate lostrek ter waarde van R800, dus R100 se sertifikate per deelnemer. Dit kan jou in staat stel om dalk die groot prys van R10 000 raak te delf. Kategorieë is Laerskoolseuns, Laerskooldogters, Hoërskoolseuns, Hoërskooldogters, Jongmanne (19 tot 39 jaar), Jongdames (19 tot 39 jaar), Outoppies (40 jaar en ouer) en die Outannies (40 jaar en ouer).

Hierdie is ’n basaar in die stad wat jy nie durf misloop nie. Vir meer inligting kontak Ferdie Lubbe (082 552 3944) of Dries Joubert (082 5812142).

●**Dagboek van Dirk Postma: Reisjoernaal en Memoriaal (21 Maart 1858 tot 12 Julie 1890)**
Dirk Postma het 150 jaar gelede die leiding geneem met die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). Die vertaling en publikasie van sy dagboek maak dit nou moontlik om Postma **se eie woorde en gedagtes** oor hierdie besondere gebeure te lees!

Die *Dagboek van Dirk Postma* bied boeiende en opbouende leesstof vir alle Gereformeerdes en persone wat in die kerkgeskiedenis belangstel. Dit kan ook vir gevorderde katkisasieklasse gebruik word.

Vertaal en versorg deur:
WIM VERGEER & JANET DU PLOOY
Normale prys: R120 per eksemplaar
Voorafbestellings: R100 per eksemplaar
Bestel vanaf: **West Rand Office Services (WROS)**
Posbus 5321
Wes-Krugersdorp
1742
E-pos: info@wros.co.za
Faks: 086 632 9455



●**Gemeente Zuurfontein (Kemptonpark) hou van 28 tot 31 Augustus ’n *Lof en Jubelfees*.**
28 Aug: Kosmark met wegneemetes
29 Aug: Bybelse proeaand
30 Aug: Jubelfees met kunstenaars
31 Aug: Dankdiens en Nagmaal met kantory en instrumente

Kom en geniet hierdie spesiale naweek saam met ons as gemeente.
Vir meer inligting skakel ds Sanet van der Walt by 079 882 7026 of die gemeentelike kerkkantoor by 011 975 4114.

Terug na Voorblad

● **GEMEENTE THERESAPARK 25 JAAR OUTYDSE FEESBASAAR 5 & 6 SEPTEMBER**
HV SPRINGBOKSTR & CROCODILEWEG, THERESAPARK

WEN VAKANSIE VAN R10 000 PRYSTREKKING 12:00

VRYDAG 5 September 16:00
- PAP EN KAIINGS
- PAP EN WORS
- WORSBROODJIES
- KOFFIE/TEE/KOELDRANK/ROOMYS
- BOEREORKES
- ANTIEKE UITSTALLING
- BOERESPORT

SATERDAG 6 September 07:30
- PRETLOOP – 3 KM – 07:30
- AFVAL
- KERKBASAAR
- UITSTALLING

Navrae : 012 542 1321/012 542 3568

● **Die Christelike Seemansorganisasie beskik oor ’n voltydse pos vir ’n sendingwerker in die Richardsbaaihawe.**

POSVEREISTES
Kandidate moet -
- verkieslik ’n geordende predikant wees, maar kan ook ’n gewese predikant of voornemende predikant (proponent) wees;
- die formuliere van eenheid van die kerke van die Reformasie heelhartig onderskryf;
- voldoen aan die opleidingsvereistes wat sy eie kerkgenootskap stel aan bedienaars van die Woord; en
- ’n bewese opleiding en praktiese ondervinding in die sendingveld hê.

VAARDIGHEDE
Kandidate moet -
- die vermoë hê om buite die grense van die eie kerk te werk;
- sonder voorbehoud vertrou kan word om op sy eie, sonder toesig, te werk;
- vlot wees in Engels;
- ’n empatiese ingesteldheid hê jeens seevaarders en hulle unieke behoeftes;
- in staat wees tot geesdriftige volharding met die evangeliebediening aan seelui ten spyte van die afwesigheid van sigbare resultate; en
- plooibaar wees en bereidwillig om ook aan ander opdragte van die CSO uitvoer te gee, naas die daaglikse sendingtaak, soos nodig geag deur die CSO.

’n Markverwante vergoeding met ’n vervoertoelaag en mediesefondsbystand word aangebied.

Rig volledige CV’s aan wimpie@nhk.co.za

Vir meer inligting kontak:
Dr Wimpie van Schoor 083 255 5299

Sluitingsdatum: 31 Oktober 2008

Terug na Voorblad

● **Gemeente Wonderboompoort** in Pretoria rig hiermee ’n uitnodiging vir aansoeke om die volledig-versorgde vakante standplaas te vul.

Die gemeente se bedieningsplan is tans in hooftrekke gefokus op die volgende:

- Jeugbediening
- Gemeentelike instandhouding en -uitbouing
- Geestelike versorging van seniorburgers
- Hospitaalbediening

Die gemeente bestaan tans uit 690 lidmate, waarvan 570 belydend is. Die gemeente beskik oor ’n pastorie langs die kerkgebou wat tot beskikking van die predikant is. Belangstellendes moet asseblief ’n bekendstellingsbrief en CV vir oorweging stuur aan: Oudle Phillip Bester by phillip_bester@vodamail.co.za en Sieg Schwarzer by siegfrieds@telkomsa.net. Verdere inligting kan ook aangevra word by bogenoemde e-posadresse. Aansoeke sluit op 7 September 2008.

Sinodaal

■ Teologiese Opleidingsfonds

Twee deurkollektes word jaarliks onder andere aan die Teologiese Opleidingsfonds afgestaan, naamlik dié van die laaste Sondag van Augustus en die eerste Sondag van September. Vanjaar is dit 31 Augustus en 7 September 2008. Dit sal waardeer word as predikante die saak tydens hulle afkondigings kan motiveer. Die kerk is daar waar u Sondae byeenkom om die blye boodskap te hoor uit die mond van ’n dienaar van die Woord wat goed onderlê is en in staat is om as geroepene met verantwoordelikheid te sê: *So sê die Here!*

(Lees dr Barry van Wyk se artikel oor die Teologiese Opleidingsfonds in *Die Hervormer* van September 2008.)

■ Kerklike feesdae 2009

Die datums van die kerklike feesdae van 2009 is nou bekend:

1 Maart 2009	Eerste Lydensondag
8 Maart 2009	Tweede Lydensondag
15 Maart 2009	Derde Lydensondag
22 Maart 2009	Vierde Lydensondag
29 Maart 2009	Vyfde Lydensondag
5 April 2009	Sesde Lydensondag
10 April 2009	Goeie Vrydag
12 April 2009	Paassondag
26 April 2009	Dankdag vir die Oes
	(tweede Sondag na skole in Gauteng in April begin het – gemeentes kan aanpas)
21 Mei 2009	Hemelvaart (10 dae voor Pinkster)
31 Mei 2009	Pinksterfees (50 dae vanaf Paassondag)
7 Junie 2009	Drie-eenheidsondag (eerste Sondag na Pinksterfees)

Terug na Voorblad

23 Augustus 2009	Bartolomeusnag
	(naaste Sondag aan 24 Augustus)
18 Oktober 2009	Biddag vir die Gesaaides
	(tweede Sondag na Oktober-skoolvakansie in Gauteng –
	gemeentes kan aanpas)
25 Oktober 2009	Hervormingsfees
	(laaste Sondag in Oktober)
29 November 2009	Eerste Adventsondag
6 Desember 2009	Tweede Adventsondag
13 Desember 2009	Derde Adventsondag
16 Desember 2009	Geloftedag
20 Desember 2009	Vierde Adventsondag
25 Desember 2009	Kersdag

■ **Aandag alle Hervormers in die onderwys**
Ons wil graag Hervormde lidmate wat reeds 5 jaar of langer in die onderwys is, betrek by die skryf van ons nuwe kategesehandleidings. Ons soek spesialiste wat lank vir kinders in een bepaalde fase skoolgehou het, en wat kan help om te verseker dat die lesmateriaal presies op die vlak van daardie betrokke ouderdomsgroep afgestem is. Hierdie onderwysers moet ons help om die lesse in te klee, en ook om die finale les vir die katkisante te skryf. Daar is ’n vergoeding betaalbaar vir die werk.

Die Raad vir Gesinsorg beplan twee intensiewe werkswinkels by Gemeente Montana. Belangstellende onderwysers moet dit bywoon:
4 en 5 September 2008: Graad 3
22 en 23 September 2008: Graad R, en grade 4 tot 10

Kom benut u uitgebreide ervaring en help met die produksie van gehalte hulpmiddels om ons kinders op die uitdagende pad van verantwoordelike Christenwees te plaas. Stuur asseblief u besonderhede (naam, adres, telefoonnommer, ervaringsvlak) aan dr Hannes Beukes by hannesbeukes@vodamail.co.za

■ Hiermee word u uitgenooi na ’n **navorsingscolloquium (’n gesprek gegrond in navorsing vanuit verskillende perspektiewe) oor ‘missionêre diakonaat’ of ‘diakonale apostolaat’.**

Datum: Dinsdag 26 Augustus
Tyd: 09:00-12:00
Plek: Gemeente Oos-Moot
Inleier: Dr Wilhelm Coetzer (Sekretaris vir Diakonaat)

Persone wat belangstel om deel te neem aan die gesprek, word gevra om prof Natie van Wyk in kennis te stel vóór Maandagmiddag 25 Aug by aim1@mweb.co.za óf 082 448 4759. Die besprekingsdokument van dr Coetzer sal dan aan u gestuur word.

■ **Fonds vir Gemeenteopbousubsidie**
Dit is weer tyd om aansoek te doen vir subsidie uit die Fonds vir Gemeenteopbou. Gemeentes word daaraan herinner dat aansoekvorms SLEGS na ringskribas versend word. Dit is die verantwoordelikheid van die ringskriba om die aansoekvorms te versprei aan gemeentes binne die ring wat wil aansoek doen om subsidie. Indien u as gemeente graag wil aansoek doen om subsidie, moet u asseblief u ringskriba kontak. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 2008.

Terug na Voorblad

■ **to care borg Laerskool Lynnwood se Kaskarkarnaval 2008**

to care het as trotse borg opgetree vir die Kaskarkarnaval 2008 van Laerskool Lynnwood se graad 1-groep. Die terrein van Laerskool Lynnwood het op 15 Augustus 2008 van vroegoggend af gewemel. Kleurvolle optogte, mallemeules en talle stalletjies het die soetbekkies tydens die kaskarkompetisie gelukkig gehou. Die doel was om **to care** se boodskap van omgee vir minderbevoorregtes wyd onder die ouers en kinders van oostelike Pretoria bekend te maak. Meer as 140 graad 1-leerlinge het met die embleem *ek gee om vir 'n maatjie in nood* op hulle T-hemde gepronk.

So 'n borgskap is net nog 'n treetjie op die pad om **to care** te vestig as rolspeler in gemeenskapsontwikkeling. Sodoende raak skoliere van gegoede skole bewus van en betrokke by projekte ten bate van minderbevoorregte kinders in minder gelukkige gebiede.

Laerskool Lynnwood se graad 1-klas saam met **to care** se produksiebestuurder, Salomie Webb, tydens hulle Kaskarkarnaval

■ Die Moderamen het op 20 Augustus gesprek gevoer met die **Raad vir Apostolaat.** Daar is onder meer aandag gegee aan die opdragte wat die Raad van die 68ste Algemene Kerkvergadering ontvang het, die moontlike verskuiwing van AIM, die Pensioenfonds van die MRCC, en 'n aantal sake wat die Raad van belang geag het om te bespreek. Die Moderamen voer by elke vergadering gesprek met een van die rade om op die hoogte te bly van hulle werksaamhede en beplanning.

■ Gemeentes word herinner aan die versoek om die erediensoffergawes (deurkollektes) van Sondag 24 Augustus as 'n spesiale dankoffer aan die **Bybelgenootskap van SA** oor te betaal ter viering van die 75ste bestaansjaar van die Bybel in Afrikaans.

■ Die Raad vir SENTIK het 'n komitee benoem om saam met voorsitters en sekretarisse van rade te besin oor die **hersiening van jaarverslae**. Uit die verslae van ringsvergaderings vanjaar blyk groot frustrasie rondom verslaggewing. Die sinvolheid van talle vrae waarop jaarliks geantwoord moet word, word bevraagteken. Ds David Barnard, predikant van Horison Roodepoort, is as sameroeper benoem, en hy sal bygestaan word deur die sekretaris van die Kommissie, dr Fanie Pretorius, en die sekretaris vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie, dr Wouter van Wyk.

■ Lede van die Kommissie van die AKV het op Woensdag 13 Augustus gesprek gevoer met die **president van die WARC,** dr Clifton Kirkpatrick. Die gesprek was positief en dr Kirkpatrick het groot begrip getoon vir die pad wat die Kommissie en die Kerk moet loop na aanleiding van die besluite van die 68ste Algemene Kerkvergadering in dié verband. Die Kommissielede het hom daarop gewys dat die Kerk tyd nodig het om eerlik die sake rondom lidmaatskap van die WARC vir homself uit te klaar voordat verantwoordelike besluite geneem kan word. Die Kommissie wil ook nie anders werk as om die hele Kerk tot op grondvlak met hom op hierdie pad saam te neem nie. Die WARC beplan om vroeg in 2009 met 'n afvaardiging die Kommissie te ontmoet, waar oor al die aangeleenthede gehandel sal word. Vir die doeleindes van die gesprek word daar tans memoranda voorberei wat as gespreksbasis sal dien.

Konteks

Gesinstydskrif vir vandag - September 2008

Inligting en skakels | Kompetisies | Ander artikels | Tema-artikel | Kerkjaar | Tuis

VAN DIE REDAKTEUR

Baie druiwekorrels, maar een drank ....

Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. (Joh 15: 5)

September, as deel van die Koninkryktyd in die Kerkjaar, gee ons tradisioneel aandag aan die gesin as bousteen van God se Koninkryk – God se gesin. In die bydrae oor verskillende soort gesinne, word een van die eienskappe van hierdie Koninkryk gelllustreer, naamlik diversiteit. Dit is ook eie aan ons kerklike gesin.

Opvallend van 'n gesin is juis die uiteenlopende geaardhede van die kinders, al het hulle dieselfde ouers. Daar is egter ruimte vir elkeen. Waarom sukkel ons dan om dit in ons kerklike gesinslewe te verwerk? Ons verwag dat almal, omdat ons aan dieselfde Vader behoort, dieselfde moet wees, dink en doen. Die verskeidenheid wat verrykend en aanvullend kan dien, word as bedreigend beleef en funksioneer dikwels destruktief.

Kopiereg [c] 2008 - SENTIK, Nederduitsch Hervormde Kerk — Ontwerp deur Mej F.B Coertze

Uittreksels uit *Konteks* kan van 27 Augustus af ook op die web gevind word. Besoek dan gerus die webblad www.konteks.co.za en lees meer oor die Septemberuitgawe. Indien u enige probleme ondervind om die webblad te ontsluit, kan u skakel met mej Francis Coertze, by 012 322 8885.

Terug na Voorblad